OUERSKAP:

Wees daar vir jou kind Betrokke ouers skep vaardige kinders.

Dit het by die moderne, en die meer welgestelde, ouer 'n modegier geword om hul betrokkenheid by die kind te verskoon deur vir hom duur TV- en rekenaarspeletjies te koop.

Ouers raak gewoonlik eers bekommerd oor hul kind se skoolgereedheid en basiese vaardigheidsvermoëns wanneer die kind skool toe moet gaan, maar dan is dit klaar te laat, waarsku opvoedkundiges.

Dié vermoëns moet reeds vanaf ‘n jong ouderdom aan die kind geleer word om sy vaardigheid op alle terreine te ontwikkel.

En hier loop ‘n enkele reël soos ‘n goue draad regdeur die kind se opvoeding: ouerbetrokkenheid.

Dit het by die moderne, en die meer welgestelde, ouer ‘n modegier geword om hul betrokkenheid by die kind te verskoon deur vir hom duur TV- en rekenaarspeletjies te koop. Dit word versterk deur bemarkingsfoefies wat voorgee dat dié of dáárdie speletjie so goed vir ‘n kind se ontwikkeling sou wees.

Marianna Geel, ‘n spraakterapeut van Potchefstroom, sê al dié speletjies sal meer effektief wees as die ouer daarby betrokke raak en die kind se woordeskat uitbrei en taalvaardigheid bevorder deur in voortdurende gesprek met die kind te wees. Om reeds vanaf ‘n vroeë ouderdom elke dag vir jou kind stories te lees is ook van onskatbare waarde.

“Die oplossing lê ook nie daarin om kinders aan soveel as moontlik georganiseerde aktiwiteite laat deelneem net om te “bewys” waartoe hulle alles in staat is nie. Hierdie georganiseerde aktiwiteite het ten doel om die kind te stimuleer om die betrokke mylpale in die ontwikkeling te bereik. Sodoende ontwikkel die kind in sy totale menswees. Die uitdaging lê daarin dat elke ouer op eenvoudige dog effektiewe maniere hul kind kan stimuleer en begelei om die nodige ontwikkellingsmylpale te bereik. Hiervoor is duur programme of toetse nie noodsaaklik nie. Programme wat reeds bestaan waardeur ouers bemagtig word om hul kinders te begelei tot skoolgereedheid, kan baie effektief benut word.”

Mnr. Karel Strauss, hoof van ‘n Pretoriase laerskool, vertel van die klassieke voorbeeld wat in die 90’s in Amerika afgespeel het. ‘n Groot speelgoedmaatskappy wou sy mark toets en vasstel vir watter tipe speelgoed daar die grootste behoefte is. As deel van die meningspeilingveldtog, het hulle ‘n vraelys aan duisende Amerikaanse kinders gestuur – maar daar was net een vraag op wat die kinders moes beantwoord: “As jy nou enigiets kon kry wat jy wou hê, wat sou dit wees?”

Meer as 90% van die kinders het geantwoord dat hulle meer tyd saam met hul ouers begeer.

“Jy, as ouer, is verantwoordelik vir jou voorskoolse kind se opvoeding en niks of niemand kan jou hier vervang nie. Deur met jou kind te speel, te gesels, stories te vertel en vrae te beantwoord, dui klaar op liefdevolle versorging en aanvaarding wat jou kind veilig laat voel.”

Dis is oor en oor bewys dat dit meer produktief is om jou kind met speletjies te stimuleer, as om hom aan die televisiestel, DVD-speler en rekenaar af te smeer.

Vir ‘n jong kind kan daar elke dag op ‘n speelse manier verskeie vaardighede aangeleer word.

Vertel hom byvoorbeeld dat jy gister 10 plantjies in die tuin geplant het, maar toe jy vanoggend gaan kyk, is twee dood. Dan kan jy hom vra hoeveel plantjies julle nou oor het.

Laat jou kind om die motor, die karavaan, die sleepwa en die kruiwa hardloop. As hy terugkom, moet hy vertel hoeveel wiele elkeen het en hoeveel wiele daar in totaal op jul erf is. Om dit nog prettiger te maak, neem sy tyd op en kyk of hy ‘n volgende keer daarop kan verbeter.

So kan baie dinge in en om die huis getel word, wat sal help om sy vermoë tot syfervaardigheid en geheue te ontwikkel.

Daar is baie speletjies wat jou kind se waarnemingsvermoë ontwikkel en sy algemene kennis verbreed. Dit is net die ouer se eie verbeelding wat hom hier beperk.

Dié speletjies kan voortdurend gedoen word – soos wanneer julle winkel toe ry of op vakansie is. Wys sekere dinge vir jou kind langs die pad uit, soos:

- Daardie trop skape is darem baie haastig – hulle is seker dors en nou is hulle oppad water toe.
- Kyk, dié motor het ‘n karavaanhaak op – ek wonder watter tipe karavaan het hulle.
- Die ambulans se rooi ligte flikker op sy dak – iewers moet daar ‘n ongeluk wees.